Huis Jan van Zyl

KOSHUISREËLS 2024

KLOKKE

'n TIPIESE WEEKSDAG	Opstaan	06:30
	Stiltetyd	06:50
	Inspeksie (kas en kamer)	07:00
	Ontbyt	07:05
	Middagete	14:10
	Aandete	18:00
'n TIPIESE SATERDAG	Opstaan	08:00
	Stiltetyd	08:10
	Ontbyt	08:30
	Dorp toe	10:00
	Middagete	12:30
	Dorp toe	14:00 – 17:00
	Aandete	18:00
	Saterdae en Sondae kan tye aangepas word na gelang van omstandighede.	
'n TIPIESE SONDAG	Opstaan	08:00
	Ontbyt	08:30
	Kerk	09:00
	Middagete	12:00
	Dorp toe	15:00 – 17:00
	Aandete	18:00
DORP	Woensdae	14:45 – 17:00
	Vrydae	14:45 – 17:00
STUDIETYE	Aand	19:00 – 19:40
		19:50 – 20:30
		20:45 – 21:25
EKSTRA STUDIETYE GEDURENDE DIE EKSAMEN	Maandag tot Vrydag (kan aangepas word)	14:00 – 14:45
		17:00 – 17:45
	Saterdae of Sondae (kan aangepas word)	09:00 – 09:45
		10:00 – 10:45
STILTETYD	Maandag tot Sondag	21:50 – 22:00
LIGTE-UIT	Maandag tot Donderdag Sondag Naweekaande word deur personeellid aan diens bepaal.	22:00 21:40
TERUGKEER NA KOSHUIS OP SONDAGAANDE		**17:00** TOT 21:00

Tye kan na gelang van omstandighede aangepas word en na goeddunke van die personeellid aan diens

1 SLAAPKAMERS

1.1 Leerders mag nie koshuiseiendom in hul kamers beskadig of verwyder nie. Indien koshuiseiendom beskadig word, moet die herstelwerk deur u as ouer gereël word en die onkostes word deur u gedra. Prente mag slegs teen die kaste geplak word indien dit gereël word met en goedgekeur word deur die superintendent.

1.2 Leerders mag nie besoekers of familielede in hul kamers ontvang nie. Ouers moet vooraf van die superintendent of personeel toestemming verkry indien hulle vir dringende sake na hul kinders se kamer wil gaan. (Ouers word SLEGS op die eerste en laaste dag van elke kwartaal toegelaat in die kinders se kamers. Ons wil dit beklemtoon dat geen ouer sonder toestemming in die koshuisgange of kamers toegelaat word nie.)

1.3 Leerders mag eetware in hul kamers aanhou, behalwe bederfbare voedselsoorte. Hulle kan dit in die yskas in die eetsaal bêre.

1.4 Leerders mag nie sonder toestemming in mekaar se kamers wees nie. Indien hulle bymekaar kuier moet hulle respek hê vir ander se eiendom.

1.5 Almal mag CD-spelers na die koshuis bring. Daar mag egter nie onder stiltetyd en na ligte-uit musiek ens. gespeel word nie. Hierdie toerusting sal summier ingetrek word indien dit ‘n steurnis in die koshuis veroorsaak. GEEN TV-STELLE WORD TOEGELAAT NIE.

1.6 Leerders moet toestemming van die superintendent verkry om gedurende skoolure na hul kamers te gaan. Indien hulle gedurende skoolure siek word, moet hulle ook eers by die superintendent aanmeld.

1.7 Gedurende stiltetyd en saans na ligte-uit moet almal in hul kamers wees en moet daar algehele stilte wees. Almal moet in hul nagklere wees met stiltetyd saans en die deur moet oop wees. Sorg asseblief vir ‘n goeie Bybelstudie dagboek/-handleiding. Bybelstudie is nie verpligtend nie, maar elke leerder moet tydens stilte DOODSTIL op sy bed sit.

1.8 Met tuisnaweke en vakansies moet leerders toesien dat hul kamers netjies gelaat word, dat die vensters en gordyne toe is en die ligte afgeskakel is.

1.9 Ofskoon billike versoeke altyd oorweeg sal word, moet die leerders die indeling van kamers soos deur die superintendent aan hulle toegewys, aanvaar. Probleme in verband met kamermaats ens. kan met die personeel bespreek word. Ons probeer altyd sover moontlik dat elke leerder gelukkig met sy kamer en kamermaat is.

1.10 Leerders moet vooraf toestemming verkry om gedurende naweke in ander kamers te slaap.

1.11 LEERDERS MAG NIE DEUR DIE VENSTERS SKREEU OF FLUIT NIE!

1.12 Musiekinstrumente mag in die kamers en in die ontspanningsaal bespeel word.

1.13 DIE KAMER SE BOLUIK MOET ALTYD OOP WEES!

1.14 Leerders voorsien self hulle beddegoed.

1.15 Leerders word aangeraai om aktief besig te bly en so min moontlik tyd gedurende die dag in hul kamers deur te bring.

2 EETSAAL

2.1 Leerders tree stil aan. Hulle mag nie sonder toesteming van maaltye af wegbly nie.

2.2 Hulle mag hul eie voedselware na die eetsaal bring, maar nie kosware of eetgerei uit die eetsaal neem nie, behalwe wanneer iemand siek is.

2.3 Vanaf Woensdae moet almal ‘n etelys invul waarop spesifiek aangedui moet word vir watter etes hulle in die komende naweek teenwoordig sal wees. Hiervan mag nie afgewyk word nie, behalwe onder buitengewone omstandighede waarvoor toestemming van die koshuisvader verkry moet word. Reël dus jou dinge vroegtydig met jou ouers. Leerders kanselleer betyds enige etes gedurende die week as hulle NIE beskikbaar gaan wees weens 'n bepaalde vooraf goedgekeurde reëling nie.

2.4 Leerders moet betyds met die matrone reël indien hulle as gevolg van skoolaktiwiteite hul maaltye op ander tye wil nuttig. Die plig berus by die leerder om te sorg dat daar vir hom/haar ‘n ete gereël word. Personeel sal “laat-etes” in die eetsaal fasiliteer.

2.5 By elke tafel sal ‘n huiskomiteelid as tafelhoof optree. Hy / sy is verantwoordelik vir die uitdeel van die kos, orde en goeie maniere van die leerders. Almal word versoek om die tafelhoofde te gehoorsaam en by te staan in hulle pligte.

2.6 Leerders moet by elke ete skoene of plakkies aanhê en bydra tot ‘n aangename en ontspanne atmosfeer in die eetsaal. GEEN frokkies / pette in die eetsaal nie!

3 STUDIESAAL

3.1 Almal moet die plekke aan hulle toegewys in die studiesaal behou. Hulle mag slegs met die toestemming van die personeel op ‘n ander plek gaan sit.

3.2 Leerders mag slegs weens besondere omstandighede met toestemming van die superintendent van die studiesaal afwesig wees.

3.3 Hulle mag SLEGS MET SKOOLWERK besig wees, moet hulself ordelik en stigtelik gedra en slegs gedurende pouse met mekaar of met die personeellid aan diens gesels.

3.4 GEEN EETWARE word in die studiesaal toegelaat nie.

3.5 Enigiets wat gedurende studie in die kamers vergeet word en benodig word in die studiesaal, kan eers ná die betrokke studie-uur gehaal word.

3.6 Alle leerders studeer die eerste kwartaal in die studiesaal. Leerders wat ‘n 70% gemiddeld handhaaf sal toegelaat word om in hulle kamers te studeer. Hierdie voorreg sal weggeneem word indien die leerder dit misbruik.

4 ONTSPANNINGSAAL

4.1 Alle skade aan die ontspanningsapparaat moet ONMIDDELLIK by ‘n personeellid aangemeld word. Leerders wat verantwoordelik is vir beskadiging van hierdie toerusting sal dit moet vervang of laat herstel.

4.2 MOENIE MORS NIE, ONTHOU DIT IS JULLE ONTSPANNINGSAAL – PAS DIT OP!

4.3 SLEGS Huis Jan-leerders word in die ontspanningsaal toegelaat.

5 TRAPPE EN GANGE

5.1 Leerders mag nie hardloop of lawaai wanneer bogenoemde gebruik word nie.

5.2 Geen skooltasse wat rondlê word in gange gelaat nie.

6 LIGTE EN KRAG

6.1 Geen leerder mag enige elektriese apparaat aanhou nie, behalwe ‘n yskas, haardroërs en radio’s. Geen elektriese komberse word toegelaat nie. Geen ketels word toegelaat nie. Geen oop-element verwarmers word toegelaat nie.

6.2 Elektrisiteit moet spaarsamig gebruik word en geen ligte mag saans, nadat die laaste klok gelui het, brand nie, behalwe waar daar met die personeellid aan diens reëlings getref is.

6.3 Wanneer leerders hul kamers, badkamers, toilette, gange, studiesaal, eetsaal ens. verlaat, moet die laaste persoon sorg dat al die ligte afgeskakel word.

6.4 GEEN LEERDER MAG KERSE IN DIE KOSHUIS GEBRUIK NIE.

7 GRONDE

7.1 Ons verwag van ons leerders om die gronde altyd netjies en skoon te hou. *Dit is JOU terrein en jy moet trots wees daarop.*

7.2 Papiere, skille of enige ander afval moet in vuilgoedhouers geplaas word en nie die gronde ontsier nie.

7.3 Wanneer leerders op die gronde speel moet hulle sorg dra dat koshuiseiendom nie beskadig word nie. Enige skade sal ongelukkig deur die betrokke persoon betaal moet word, ongeag of dit per abuis aangerig is, aangesien ons self verantwoordelik is om ons fasiliteite in stand te hou en nie oor die nodige fondse beskik om skade wat leerders aanrig te herstel nie.

8 SPORT

8.1 Leerders moet die register teken as hulle middae sport op die skool se sportgronde gaan beoefen.

8.2 Wanneer hulle aan wedstryde gaan deelneem, moet hulle paslik in skooldrag of sportdrag met skoolsweetpak, geklee wees. Koop asseblief betyds vir u kind die regte skoolsweetpak by De Jagers.

8.3 Leerders wat ‘n “buite-sport” beoefen of by die gimnasium aangesluit is, het skriftelike toestemming van hulle ouers nodig voordat hulle namiddae hierdie aktiwiteite kan beoefen.

8.4 Geen fietse word toegelaat nie, behalwe waar ‘n leerder deel is van ‘n amptelike fietsryklub. Fietse word op eie risiko gestoor – die koshuis beskik nie oor fasaliteite om fietse te stoor nie.

9 WASGOED

9.1 Leerders wat die naweek ingebly het, gee op ‘n Maandagoggend hul duidelik gemerkte klere in by die matrone.

9.2 Dit moet in ‘n gemerkte wasgoedsak wees en ‘n lys van klere wat ingegee word, moet ingesluit wees. Die klerelyste sal verskaf word. **Geen wasgoed wat nie gemerk is sal gewas word nie.**

10 ROOK EN e-SIGARETTE

10.1 Rook, die besit van sigarette of e-sigarette is verbode in die koshuis sowel as op die skoolgronde. Eerste oortreders sal beslis swaar gestraf word. Herhaalde oortreders kan gevra word om die koshuis te verlaat. Ek wil dit hier onomwonde stel dat rokers liefs hul gewoonte moet afleer voordat hulle na die koshuis kom. Geen rokery sal in die koshuis of op die terrein geduld word nie! Indien ‘n leerder nie hier sy/haar samewerking wil gee nie sal sy/haar ouers summier ontbied word om aandag aan hierdie saak te skenk. Bespreek dit vroegtydig met u kind.

11 OORTREDINGS WAT KAN LEI TOT ONMIDDELLIKE UITSETTING:

11.1 In besit van / gebruik van of onder die invloed van ALKOHOL:

Leerders wat in die koshuis of op enige ander plek met alkohol in hul besit betrap word of skuldig bevind word dat hulle alkohol gebruik of misbruik het, sal ongelukkig summier die koshuis moet verlaat. Ons klem het in die onlangse verlede verskuif weg van hulpverlening en rehabilitasie van die *enkelinge* wat dit al nodig gehad het, na die *meerderheid* leerders wat ons moet beskerm teen onnodige blootstelling!

11.2 DIEFSTAL

Diefstal sal lei tot onmiddellike uitsetting.

11.3 FIESIESE AANRANDING EN BOELIE

Fisiese aanranding en boelie sal lei tot onmiddellike uitsetting.

11.4 ONAANVAARBARE SEKSUELE PRAKTYKE

Deelname aan of aanmoediging van onaanvaarbare seksuele praktyke sal lei tot onmiddellike uitsetting.

11.5 In besit van / gebruik van of onder die invloed van VERBODE MIDDELS (dwelms ens.)

Leerders wat in die koshuis of op enige ander plek met verbode middels in hul besit betrap word of skuldig bevind word dat hulle verbode middels gebruik of misbruik het sal ongelukkig summier die koshuis moet verlaat.

As u kind 'n probleem het met verbode middels of enigsins tekens toon van middelafhanklikheid, of enige geskiedenis van enige vorm van gebruik of misbruik van enige verbode middels het, moet u hom/haar nie na ons koshuis stuur nie. Ons gaan hom/haar onder geen omstandighede akkomodeer of voortgaan om hom/haar te akkomodeer indien ons daarvan bewus word nie. Ons is besonder trots op die tipe leerder wat na ons koshuis kom en gaan ongelukkig nie leerders kan akkomodeer wat een of ander swak invloed op die res gaan hê nie!

Ouers wat nie aanvanklik oop kaarte met ons speel nie kan hulle nie later daarop beroep dat ons u nie gewaarsku het nie. Indien u enige inligting rakende middelafhanklikheid of -gebruik by toelating verswyg gaan dit beslis u kind se inwoning in gedrang bring indien ons later daarvan uitvind!

Die skoolhoof, superintendent of enige gedelegeerde het die reg om ter enige tyd enige leerder se kamer, kas of besittings te **deursoek** of te laat deursoek vir enige verbode middels. Ons sal sover moontlik poog om dit in u kind se teenwoordigheid te doen.

Die superintendent kan ter enige tyd aandring op 'n **toets** vir enige verbode middel indien daar enige rede is om te vermoed dat sodanige toets noodsaaklik is om die integriteit van ons instelling of van u kind te beskem. Ons kan op kort kennisgewing self hierdie toetsing hanteer en sal dan eers poog om u vooraf in kennis te stel. Ouers of leerders wat weier dat hulle getoets word sal ongelukkig die koshuis moet verlaat totdat die saak deur die Beheerliggaam ondersoek is en hulle hertoelating aanbeveel word.

12 TELEFOON, SELFONE ASOOK DIE REKENAAR

12.1 Leerders se ouers en vriende kan hulle buite studie- en etenstye na hul persoonlike selfone skakel. Geen algemene oproepe vir leerders moet na die telefoon van die superintendent gemaak word nie, behalwe tydens ‘n noodgeval. Oproepe na die voedseldiensbestuurder kan bedags op 021-8711460 gemaak word om bv. etes te hanteer en slegs tydens ‘n noodgeval of wanneer ‘n probleem met die superintendent bespreek moet word, kan ouers my bedags by 021-8728293(w) of enige tyd bedags of saans by 084 678 5279 skakel. Die ander personeel in die koshuis kan ook op hul persoonlike selfoonnommers geskakel word.

12.2 Leerders mag geen oproepe ontvang of self maak tydens etes, stilte- en studietye nie. Hulle moet ook voortdurend hul familie en vriende op hoogte hou omtrent die spesifieke beltye. Geen uitsonderings sal gemaak word nie, behalwe wanneer die superintendent ‘n oproep tydens ‘n noodgeval ontvang.

12.3 Die besit en gebruik van ‘n selfoon in die koshuis bring 'n groter verantwoordelikheid mee wat elke ouer en leerder se aandag verdien**.**

12.4 Leerders wat selfone gebruik vir internettoegang vir verkeerde redes soos bv. die kyk van **pornografie** of aflaai van onbehoorlike data van enige aard, sal summier gestraf word en kan in ekstreme gevalle gevra word om die koshuis te verlaat. Ouers word aangemoedig om seker te maak dat hulle weet wat op hul kind se selfoon gebeur en waarvoor hy/sy dit aanwend. Omdat hy/sy in die koshuis is beteken nie dat u nie meer toegang daartoe het of beheer daaroor moet prysgee nie. 'n Leerder wat met onbehoorlike data op sy/haar selfoon betrap word, of dit versprei, gaan beslis gestraf word.

12.5 Geen selfone mag in enige stort of badkamer gebruik word om foto's mee te neem nie. Die neem van enige foto's of die opneem van enige gesprek van enige ander koshuisleerder of personeellid en die verspreiding van enige foto-, of enige ander materiaal van enige ander persoon, sonder daardie persoon se uitdruklike toestemming, is streng verbode. Leerders moet besef dat wat hulle vanaf hul selfoon stuur is naspeurbaar en enige leerder wat hierdie reël oortree, is benewens skool- en koshuisreëls ook strafregtelik vervolgbaar. Die stuur van onwelvoeglike foto's, sms'e, "Facebook"-boodskappe, gebruik van Twitter ens. om ander in 'n swak lig te stel, te diskrediteer, te beskinder of op enige wyse te na te kom, te verneder of te intimideer sal beslis gestraf word. **Dit is boonop ook krimineel strafbaar.** Van geen personeellid mag enige foto's geneem of enige gesprek opgeneem en versprei word sonder daardie personeellid se uitdruklike vooraf toestemming nie. Selfone waarmee oortree word SAL gekonfiskeer word en na goeddunke van die superintendent aan die ouer terugbesorg word! **Die skool se selfoonbeleid geld ook in die koshuis.**

12.6 Selfone raak soms weg in 'n koshuis! Soos enige ander openbare plek kan dit gebeur dat 'n selfoon voete kry. Ons kry dit bitter selde, maar selfone word wel gesteel. Leerders en ouers word ontmoedig om vreeslik duur en waardevolle selfone koshuis toe te bring. 'n Basiese selfoon wat sms'e kan stuur en ontvang, eenvoudige foto's kan neem, en billike opvangs het, is goed genoeg vir gebruik by die koshuis. ***ONS NEEM GEEN VERANTWOORDELIKHEID OM VERMISTE FONE TE VERVANG of om enigsins eens betrokke te raak in geskille waar selfone wegraak, uitgeleen word of tydens 'n spelery verniel word nie!***

12.7 Ouers moet ons hand sterk waar fone gekonfiskeer word (soms vir selfs langer as 'n dag of twee) na gelang van die oortreding, en nie 'n benadering hê van: *"Dis my kind se foon, ek betaal hom, en my kind het hom nodig om met my te kommunikeer!"*,nie. Sterk ons asb. in ons saak as ons besluit om op u kind se foon beslag te lê as hy/sy hiermee oortree. Ons besef dit is u eiendom en hanteer natuurlik elke saak op meriete en met omsigtigheid. Elke leerder se foon wat afgeneem word, word met my bespreek en ons as personeel neem gewoonlik saam 'n deurdagte besluit wat ongelukkig soms deur onbillike ouers "omgekeer" word tot u kind se nadeel

12.8 Natuurlik is ons (wat nuwe tegnologie aanbetref) nie naïef nie. Die meeste leerders is baie slimmer as ons met die hedendaagse tegnologie. Vir 'n paar sente kan hulle ander simkaarte aanskaf, hulle kan data so versteek dat nie ons of u dit ooit sal kan kry nie, ens. Die feit is nie dat ons hulle wil striem of vooruitgang wil beperk nie. Ons kan egter nie net 'n laat-maar-loop-houding inneem jeens tegnologie nie en dit terwyl ons soms kan sien dat ons dissipline en van ons leerders se funksionering, daaronder ly. Sterk ons hand asb. in dié verband en tree in gesprek met u kind en KONTROLEER wat op sy/haar selfoon en rekenaar aangaan.

12.9 Ons wil ook net die volgende algemene punte rakende selfone onder u aandag bring wat ons hoop u ook by die huis sal toepas:

- Lê duidelike riglyne neer hoe en waar die foon gebruik kan word en as hy/sy nie daarby hou nie VAT DIE FOON AF, totdat hy/sy dit verantwoordelik kan gebruik. Ons gaan voort om dit te doen in die koshuis. Ek glo steeds dat 'n leerder wie se akademie nie na wense is nie, NIE 'n selfoon verdien nie.

- Gesels met hom/haar rondom die gevare verbonde aan 'n foon waarmee die internet en allerhande webwerwe soos Facebook besoek kan word. Hy/sy moet besef dat hy/sy nie sy/haar persoonlike inligting asook dié van ander in die kuberruimte kan uitblaker nie. DIT IS GEVAARLIK!

- Vra hom/haar om u toegang te gee tot sy/haar selfoon en Facebookblad. As u kind u nie wil toegang gee tot sy/haar foon of rekenaar nie moet u klaar wonder hoekom nie.

13 KLEREDRAG, JUWELIERSWARE ENS.

13.1 Dit is verpligtend dat ons leerders DIREK na middagete hul skoolklere MOET uittrek. Die klere word dan netjies opgehang. Hierdie reël dra by dat u kind se duur klere nie onnodig verniel word nie.

13.2 Die leerder se kleredrag moet altyd so wees dat dit ‘n advertensie vir hulself, hul koshuis en hul skool sal wees.

13.3 Hulle mag Saterdae en Sondae in netjiese klere dorp toe gaan, maar Woensdae en Vrydae moet hul met skooldrag die koshuis verlaat.

13.4 Leerders wat ‘n afspraak het met ‘n dokter ens. moet met skooldrag gaan.

13.5 Wanneer dit vir skoolfunksies vereis word, moet ons leerders sodanige funksies in hul skooldrag bywoon.

13.6 Almal moet altyd paslik vir maaltye en studie geklee wees. Niemand mag sonder skoene kom eet nie. Sandale of plakkies kan wel gedra word.

13.7 Vir studie mag leerders in hul sport- of gewone drag geklee wees.

13.8 Kosgangers se name (en naam van koshuis) moet duidelik in onuitwisbare ink op alle kledingstukke aangebring word. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir verlies van enige kledingstuk wat weens die feit dat dit ongemerk is, verlore gaan nie. Alle ongemerkte wasgoed word aan die klerebank geskenk.

13.9 Klere moet soos volg gemerk word: PIET SMIT – HJVZ

13.10 Ons trek Sondae relatief informeel kerk toe aan. ‘n Netjiese lang- of kort (knie) broek met ‘n netjiese kort- of langmou hemp is aanvaarbaar met netjiese skoene of plakkies in die somer. **Doen asb. moeite (as u kind soms Sondae inbly) dat u kind een NETJIESE stel kerkklere saambring koshuis toe**.

13.11 Geen uitspattige slenterdrag sal in die koshuis toegelaat word nie. Kosgangers word aangeraai om sulke kledingstukke liefs tuis te laat. ‘n Gewone kortbroek en t-hemp is goed genoeg om in die koshuis te dra. Ons beveel aan dat leerders genoeg ou klere vir ontspanningstye saambring. *Juweliersware is ontoelaatbaar vir die seuns*. Ons seuns dra nie by die koshuis ringe en oorbelle nie.

13.12 Tatoe's is ook ontoelaatbaar en ons vra dat u asb. **NIE** toestem tot versoeke dat u kind hierdie merke mag kry nie. Indien 'n leerder by die koshuis aankom met enige tatoëermerk sal hy/sy beslis daaroor aangespreek word en NOOIT toegelaat word dat dit sigbaar vertoon word nie. Al beteken dit dat hy/sy in die somer langmou kledingstukke moet dra.

14 UITGAAN-VERLOF

14.1 Daar sal gewoonlik gedurende die elke kwartaal twee tuisnaweke wees wanneer al die leerders die koshuis **moet** verlaat.

14.2 **Die persoon wat die kosganger kom haal moet die kosganger PERSOONLIK UITTEKEN.**

14.3 Leerders mag slegs saam met ouers of gemagtigde persone in motors ry. Geen rylopery. Daar mag slegs met die trein gery word as dit VOORAF met die superintendent gereël word. Ouers moet aan die begin van die jaar skriftelik toestemming verleen dat leerders met die trein mag ry. Ouers sal by registrasie ‘n vorm hieroor moet voltooi.

14.4 Leerders mag slegs huis toe gaan indien hulle geen sportverpligtinge het nie (as hulle wel het, mag hulle eers daarna huis toe gaan). Die superintendent behou die reg voor om leerders met gewone naweke in die koshuis te hou as gevolg van ‘n ernstige oortreding.

14.5 Onder geen omstandighede sal leerders toegelaat word om die koshuis in voertuie saam met jong mans of dames te verlaat nie.

14.6 Wanneer leerders na ‘n naweek terugkom moet die ouers hulle by die koshuis aflaai. **Daarna mag die leerder nie weer die koshuis verlaat nie al is dit ook vroeër as die neergelegde tyd van tussen 17:00 en 21:00.**

14.7 Gedurende eksamentyd moet leerders Vrydae studeer totdat hulle ouers hulle kom haal.

14.8 Indien leerders nie na ‘n naweek terugkeer nie, moet u asseblief die superintendent in kennis stel. **Geen kind mag siek na ’n naweek teruggebring word koshuis toe nie.**

15 GEWONE VERLOF

15.1 Net met spesiale verlof van die personeel mag leerders buite dorptye vir hulself of vir inwonende personeellede na die dorp gaan. Hulle teken dan in die register uit en terug.

15.2 Sodanige verlof sal NIE gedurende stilte- of studietyd toegestaan word nie, tensy buitengewone omstandighede dit vereis.

15.3 Daar word op Woensdae en naweke ruim voorsiening gemaak vir leerders om dorp toe te gaan. Geen toestemming sal buite hierdie tye toegestaan word nie, behalwe in uitsonderlike gevalle. Reël dus altyd vooraf alle sake wat in die dorp aandag moet geniet.

16 BESOEKERS

16.1 Leerders kan besoekers (slegs skoolgaande leerders en ouers) gedurende weeksmiddae op die gronde ontvang. Besoekers kan tussen studie en aandete in die sitkamer ontvang word. Geen besoeker word in die ontspanningsaal toegelaat nie.

16.2 Behalwe in buitengewone omstandighede mag besoeke nooit gedurende ete, studie- of stiltetye plaasvind nie.

16.3 Wanneer leerders siek is, mag hulle met die nodige toestemming van die onderwyser aan diens hul ouers in hul kamer ontvang. Ouers meld net eers by ‘n personeellid aan.

17 SIEKTE

17.1 Leerders moet tydens ontbyt enige siekte van hul kamermaats by die superintendent of personeel aan diens aanmeld.

17.2 Indien leerders gedurende skooltyd siek word, moet hulle eers by die sekretaresse uitteken, nadat die adjunkhoof toestemming gegee het, en dan by die koshuis-matrone aanmeld, voordat hulle na hul kamers gaan. Sy sal dan dadelik die nodige reëlings met die dokter en ouers tref.

17.3 Leerders mag nie uit die siekbed opstaan, rondloop of skool toe gaan sonder toestemming nie.

17.4 Leerders moet hul ouers daaraan herinner om die koshuis in kennis te stel indien hul kind na ‘n naweek of vakansie weens siekte afwesig sal wees.

17.5 Alle leerders wat siek is en ‘n skooldag mis, moet na ‘n dokter gaan. Onthou om jou ouers se mediese fonds se naam en nommer saam te bring.

17.6 Alle leerders word vir praktiese doeleindes na dieselfde dokterspraktyk gestuur. Ons maak gebruik van *Medicross*. Indien u kind nog nie ‘n dokter in die Paarl het nie (u dus buite die Paarl woon) moet u asseblief vroegtydig met die praktyk skakel en die nodige reëlings tref sodat u kind op hulle stelsel kom. Meld asseblief dat u kind in Huis Jan van Zyl is en verskaf alle mediese besonderhede. Dit skakel geweldig baie moeite betyds uit en verhoed dat u kind tydens ‘n noodgeval nie onmiddellik die beste behandeling kry nie. Die praktyk se telefoonnommer is 021-8723867. As u nie ‘n mediese fonds het nie, sê dit vir hulle en meld ook hoe u, u kind se rekening sal vereffen. Dit is belangrik dat u kind tydens registrasie op die eerste dag reeds weet of sy besonderhede by die dokter op leêr is. Indien daar enige onduidelikheid in hierdie verband is kan u gerus met die matrone of superintendent skakel.

17.7 **Geen leerder mag na ‘n naweek siek van die huis af koshuis toe gebring word nie.**

17.8 **Elke leerder moet ‘n VOLLEDIGE voorraad eie medisyne by hom hê vir algemene ongesteldhede soos: hoofpyn, verkoue en griep, diaree, naarheid en sooibrand. ‘n Boksie pleisters met ontsmettingsmiddel, asook iets vir spierpyne is noodsaaklik. Ons verskaf van koshuiskant af ongelukkig GEEN medikasie van enige aard aan siek kinders nie – dit is teen die wet!**

18 STILTE

18.1 Gedurende stiltetye soggens en saans moet daar ABSOLUTE STILTE in die kamers wees, DIE DEURE OOP en elkeen moet sy eie godsdiensoefening waarneem. Die personeel handhaaf hierdie reël baie streng en straf oortredings in dié verband.

18.2 Nadat die laaste klok saans gelui het, moet daar stilte in die kamers wees en mag daar nie in die gange rondgedwaal word nie. As daar gereël word met die personeellid aan diens, mag leerders (indien nodig) na ligte-uit nog studeer.

18.3 Leerders moet so stil as moontlik in hul kamers verkeer en so stil en ordelik moontlik in die gange beweeg of aantree vir etes of studie.

18.4 HARDLOOP OF GIL in die koshuis is verbode en word beslis gestraf.

18.5 Geen musiek mag ooit buite die koshuis hoorbaar wees nie.

19 TOELATING

19.1 Leerders word toegelaat tot die koshuis mits hul ouers vooraf met die skoolhoof onderhandel het en hul toelating goedgekeur is.

19.2 **Kosgangers moet hul onvoorwaardelik aan die reëls hierin vervat, sowel as alle huishoudelik reëls, onderwerp. ENIGE LEERDER WAT HOM/HAAR NIE BY DIE REËLS HOU NIE, KAN GEVRA WORD OM DIE KOSHUIS TE VERLAAT. Ons moet dit onomwonde stel dat dit wel in die verlede gebeur het waar leerders hulself skuldig gemaak het aan erge wangedrag, vandalisme, diefstal, middelmisbruik of -gebruik, of waar ‘n leerder net eenvoudig besluit dat hy/sy homself/ haarself deurlopend nie aan ons gesag wil onderwerp nie, dit uitdaag, of bloot net weier om “in te pas” by dit wat van hom/haar by die koshuis gevra word.**

19.3 **TOELATING AAN DIE BEGIN VAN ELKE KWARTAAL IS ONDERHEWIG AAN DIE VEREFFENING VAN KOSHUISGELDE VIR DIE VOORAFGAANDE KWARTAAL. ONS KAN ONGELUKKIG NIE U KIND TERUG-ONTVANG VIR 'N NUWE KWARTAAL AS SY/HAAR KOSHUISGELDE NIE TEN VOLLE TOT OP DATUM VEREFFEN IS NIE. HIERDIE REËL SAL OOK STRENG TOEGEPAS WORD.**

20 BETALING VAN KOSHUISGELDE

20.1 Koshuisgelde is binne die eerste 14 dae van die kwartaal betaalbaar.

20.2 Ouers ontvang 'n rekening van die skool.

20.3 Koshuisgelde kan direk by die finansiële-beampte van die skool inbetaal word.

20.4 IN ALLE GEVALLE MOET DIE KWARTAAL SE KOSHUISGELDE VOOR DIE EINDE VAN DIE KWARTAAL BETAAL WEES.

21 KAMERINSPEKSIE

21.1 Geen klere of skoene wat rondlê nie.

21.2 Die vuilgoedblik moet uitgegooi wees.

21.3 Jou klerekas moet te alle tye netjies wees. Die klere moet in netjiese hopies gevou wees en die skoene moet onder in die kas langs mekaar staan.

21.4 Vuil klere moet in 'n sak of tas gehou word.

21.5 Die kamer moet daagliks uitgevee en afgestof word.

21.6 Die vuilgoed word met 'n skoppie opgetel en weggegooi.

22 ALGEMEEN

22.1 Behalwe in die gevalle wat onder **UITGAAN-VERLOF** gemeld is, mag geen leerder die koshuisgronde op enige stadium verlaat nie. Leerders mag toestemming vra om te gaan draf, "buite-sport" te beoefen of om na die plaaslike gimnasium te gaan. Streng kontrole sal egter in dié verband gehou word. **Leerders wat die koshuis sonder toestemming verlaat (veral na donker saans) sal beslis gevra word om die koshuis SUMMIER te verlaat.**

22.2 Behalwe as hul ouers dit self reël, moet leerders, wanneer hul saam met iemand in ‘n voertuig ry, toesien dat die superintendent die toestemming van hul ouers vooraf verkry het en sorg dra dat die superintendent kennis dra van die reëlings. Leerders mag nie 'n geleentheid van en na die skool saam met ander leerders of hul ouers kry nie.

22.3 Oortredings soos die gebruik van vuil- of vloektaal, sal in ‘n ernstige lig beskou word.

22.4 Leerders word aangeraai om hul sakgeld of ander waardevolle artikels aan die superintendent vir veilige bewaring te oorhandig of dit veilig in hul kas (wat te alle tye gesluit moet wees) te bewaar.

22.5 **DIEFSTAL word in ‘n ernstige lig beskou. Ouers en leerders kan nie die koshuis daarvoor verantwoordelik hou indien iets gesteel word nie. Eweneens aanvaar die koshuispersoneel of beheerliggaam geen verantwoordelikheid vir verliese van enige aard wat leerders in die koshuis mag ly nie. Leerders wat betrap word dat hulle iets van iemand geneem het, sal gevra word om DADELIK die koshuis te verlaat. Ons moet dit hier meld dat daar ook nie gehuiwer sal word om die polisie se hulp in te roep by diefstal, hoe gering ook al, nie.**

22.6 Indien leerders naweke in die koshuis bly, word dit van hulle verwag om die oggend se erediens by hulle kerk (se gemeente hier) by te woon

22.7 Dit word van leerders verwag om te alle tye beleefd en met eerbied teenoor hul meerderes op te tree. Swak maniere soos luidrugtigheid moet ontmoedig word. Hulpvaardigheid word aangemoedig en ons het die gebruik dat die leerders beurteliks saans na aandete help met die opwas van skottelgoed.

22.8 ENIGE SKADE AAN KOSHUISEIENDOM OF TOERUSTING MOET BY DIE SUPERINTENDENT AANGEMELD WORD EN LEERDERS SAL (ongeag of dit per abuis beskadig is of nie) VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR DIE HERSTEL DAARVAN.

22.9 LEERDERS SE KLEREKASTE MOET TE ALLE TYE MET ‘N KOMBINASIESLOT(SLOT) GESLUIT WEES. AAN ELKE KAS IS REEDS ‘N OORSLAG AANGEBRING. **BRING DUS SLEGS JOU EIE KOMBINASIESLOT(SLOT) SAAM.**

22.10 Leerders mag matjies voor hulle beddens gooi. Duvets is aanvaarbaar en hanteer maklik met die opmaakslag.

22.11 Ouers se samewerking word gevra om nie ONBEDAGSAME EN ONREDELIKE VERSOEKE TOT DIE SUPERINTENDENT te rig nie. Geen leerder slaap onder GEEN omstandighede in die week (Ma-Do) by 'n maat uit nie. Moenie hierdie versoek rig nie, ons sal dit nie toestaan nie. Ons kan nie 'n akademiese klimaat handhaaf indien kind toegelaat word om te kom en gaan soos hulle wil nie!

22.12 Klere, boeke ens. mag tydens vakansies in kaste gelaat word. Net tydens die Desember skoolvakansie moet ALLE kamers en kaste ontruim word.

22.13 Geen kougom word toegelaat nie.

TER AFSLUITING

Laastens voel ons dit nodig om ouers aan te moedig om enige probleme wat kan help om u kind se verblyf by ons so aangenaam moontlik te maak, met my as die superintendent of personeel te kom bespreek. Dikwels gebeur dit dat ouers direk met die skool skakel oor koshuisaangeleenthede wat ons hier by Huis Jan van Zyl self kan oplos. In die verlede het ons geleer dat heelwat probleme opgelos of heeltemal vermy kon gewees het, indien ons net die ouers se samewerking vooraf gehad het, en indien daar goeie, DEURLOPENDE, KOMMUNIKASIE plaasgevind het.

Ouers moet ook daarop let dat die koshuis se versekering nié die leerders se eiendom dek nie. U is dus self verantwoordelik vir die versekering van u kind se eiendom.

OUERS MOET ASSEBLIEF REËL VIR DIE VOLGENDE:

APTEEKREKENING:	Roodeberg Apteek 021-8711034 (Pragtige mense, ken ons koshuis)
DOKTER:	Weens praktiese redes maak al ons seuns gebruik van Medicros Paarl (Telefoonnommers: (021- 8720565) Hulle gee ook medikasie
TANDARTS:	U eie keuse, hoewel ons Dr Marius Joubert of sy vrou kan aanbeveel. (Telefoonnommer: (021- 8728768)